Langenhovenpark
Die GEMEENTE vir elke generasie

# OMGEE NUUS

## SONDAG 7 JUNIE 2026

### Eredienste

**09:00 Erediens - Doop**
**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen
**Teks:** Genesis 12: 1-4 (1983 vertaling)
**Tema:** Vat jou goed en trek ....!

### JEUG

**09:00 Kleuterkerk (3-6 jariges) – Gemeentesentrum – Lokaal 2**
**Aanbieder:** Lynette
**Tema:** Jesus se kind

**09:00 Kinderkerk (Gr 1 – 3) – Kleinkerk**
**Aanbieder:** Lisa Lombaard
**Tema:** Die salwing in Betanië (Markus 14: 1-9)

**10:00 JOG (Gr 4 – 7) – Kleinkerk**
**Aanbieder:** Lisa Lombaard
**Tema:** Die salwing in Betanië (Markus 14: 1-9)

**10:15 TvC (Gr 8 – 10) - Kerkgebou**
**Aanbieder:** Pieter le Roux
**Tema:** Les 14: Die verbond en die doop – Handelinge 2: 38-39

**10:15 Belydenisklas (Gr 11) – Lokaal 1**
**Tema:** Belydenis Skrifte (Spesifiek) – Nederlandse Geloofsbelydenis

### DIE KOMENDE WEEK...

**Dinsdag 9 Junie 2026**
**10:00** Aksie Olyftak

**Woensdag 10 Junie 2026**
**09:00** Bybelstudie ds Leon – Kleinkerk
**18:00** Manne groep – Lokaal 2

**Donderdag 11 Junie 2026**
**09:00** Bybelstudie ds Gerhard - Kleinkerk
**14:00** Naaldwerk – Lokaal 1 & 2

### SONDAG 14 JUNIE

**09:00 Erediens**
**Liturg:** Ds Gerhard Meyer

**JEUG**
**Geen**

**Sinodale kollekte:-** 10% van ons kollekte, van vandag, word bygedra tot **Gemeente Ondersteuning (GOUF) – Kollekte 1**

### VRYSTAAT SINODESITTING

Die Sinodesitting vind plaas vanaf 7 – 10 Junie te NAMPO Park Bothaville. Bid asseblief vir hierdie belangrike vergadering.

**Beide ons leraars woon dit by.**

## *DOOP*

***Lily-Jane Terblanche,*** dogter van Giben en Chané Terblanche.

## Lief en Leed

Christo Schoeman, is in die hospitaal.
Letitia Lourens, Belvedere, is in die hospitaal.
Mary Gerber, Thalia, sterk tuis aan na hospitalisasie.
Hendry Moyles, San Tropez, is in die hospitaal.
Harold Dettmer, Du Plessisweg, ondergaan Woensdag 'n skouer operasie.
Frans Mostert, voorheen van Langenhovenpark, is oorlede.

**Voorbidding vir gesondheid:**
Marie van Zyl, Striata

**Verjaarsdae 80 en ouer:**
Lien Botes, Igitur, verjaar 8 Junie (91)
Dirk van Zyl, Delheim, verjaar 11 Junie (83)
Rina J van Rensburg, Santé, verjaar 12 Junie (82)

## Nuwe lidmate

Baie welkom aan nuwe lidmate wat by ons gemeente inskakel. Ons wil graag van jou weet en vir jou kom kuier!
Meld by die kerkkantoor aan na die diens, waar jy 'n vorm kan voltooi sodat ons jou inligting op ons databasis kan stoor of stuur 'n epos na ngklhp@mweb.co.za om 'n vorm te ontvang.

## Lidmaatskap bewyse ontvang

**Belydende lidmate:**
Hendrik Christoffel van Niekerk, Striata, vanaf Geloofsentrum Universitas.

## SLEUTELS TOEGANG TOT DIE GEDENKTUIN

Met die aankoop van 'n nissie in die gedenktuin het u 'n sleutel ontvang wat u nou ook toegang tot die terrein gee. Die slot is egter vervang dus moet u asseblief die sleutel by die kerkkantoor omruil vir 'n nuwe sleutel.

**Na ure kontak Anton (082 756 1619)**

## AKSIE OLYFTAK

**Dinsdag 9 Junie 10:00** in die Kleinkerk.
Kom maak van die dienste gebruik soos bloeddrukmeting, suiker toetsing en voetsorg.
Kind to Hearing kom gratis gehoorsiftingstoetse doen en hulle het ook 'n spesiale aanbod op batterye vir gehoorapparate.
As jy vermoed jy het 'n gehoorprobleem is jy welkom om te kom.
Daar gaan sop en broodjies bedien word – kom kuier lekker saam.

## KERKKANTOOR URE

Die kantoor sal Maandag 15 Junie gesluit wees a.g.v. skolevakansiedag en vakansiedag 16 Junie.

## OMGEE GESKENKIES

Omgee geskenkies is beskikbaar. Neem gerus een en gee vir iemand wat bietjie ekstra omgee of troos nodig het.



# Dankofferbydraes

Daar is verskeie maniere waarop u, u maandelikse dankoffer kan gee. Die volgende inligting mag van hulp wees. Kontak gerus die kerkkantoor indien daar enige vrae is.

**1. ACB stelstel**

Hierdie stelsel maak dit vir lidmate baie gerieflik om hul dankoffer te gee en daarom moedig ons lidmate aan om hiervan gebruik te maak. U gee opdrag aan die kerkkantoor om maandeliks ‘n bedrag vanaf u bankrekening na dié van die kerk oor te plaas. U het nog volle beheer hieroor as u voor die 25ste van die maand opdrag gee om die bedrag te verhoog, te verminder of selfs te kanselleer. Vorms hiervoor is by die kerkkantoor beskikbaar of stuur vir ons ‘n epos na ngklhp.finan@mweb.co.za en ons stuur vir u die vorm.

**2. Bankinbetalings of Internetoorplasings**

| | | |
|---|---|---|
| Rekeningnaam | : | NG KerkLangenhovenpark |
| Bank | : | ABSA bank |
| Takkode | : | 632005 |
| Tiperekening | : | Tjekrekening |
| Rekeningnommer | : | 1570 590 630 |

**3. Dankofferkoeverte**

U kan u dankoffer in ‘n koevert plaas, gemerk “Dankoffer” en in die kollektesak gooi. (Koeverte by kerkkantoor of deure beskikbaar)

Moontlik plaas u, u dankoffer Sondae in die kollektesakkie, wil u dit nie eerder in die gemerkte koevert (Dankoffer) plaas nie?

**4. Inbetalings by kerkkantoor**

U kan ook u dankoffer tydens kantoorure by die kerkkantoor inbetaal. Maak net seker dat u ‘n kwitansie ontvang en dat dit gemerk is “Dankoffer”.

**5. Snapscan**

SnapScan is gratis beskikbaar op iOS en Android.

**Vir u gerief is kodes in die banke aangebring. U kan ook u kollekte d.m.v SnapScan betaal.**

Snap here to pay

SnapScan